

18 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 1 Konings 3: 1-14

FOKUSGEDEELTE: 1 Konings 3:9

Gehoorsaamheid aan God

Salomo het besef dat sy roeping as koning geweldig groot is. Om die volk van God te lei is nie maklik nie. Nie omdat hulle 'n onregeerbare volk is nie, maar omdat hulle God se volk is. Sy verantwoordelikheid lê teenoor God, die eienaar van die volk. Lees weer verse 8 en 9 en sien hoeveel klem daarop val.

Wanneer hy dan van God 'n gawe verlang dan is dit nie om voordeel te kry uit sy koningskap nie, maar vaardighede om God se roeping "reg" uit te voer. Hy begeer dat God hom gehoorsaam sal maak. Salomo is nie koning om sy persoonlike ideale te bereik nie, maar om God se wil uit te voer.

En God was so ingenome met hierdie koning dat Hy hom seën met wat hy begeer en daarby ook rykdom en eer en 'n lang lewe.

Ons is elkeen geroep om koning te wees in God se vredesryk. Wat begeer ons as gawes? Wil ek leier by die skool wees sodat almal my raaksien, wil ek besigheidsvermoeëns ontvang sodat ek ryk kan word, begeer ek skoonheid sodat ek die gewildste meisie in die skool kan wees, begeer ek fisieke krag om daarmee my man te staan teen ander? Dan mis ek God se doel met my lewe. Dan misbruik ek sy gawes. Lewe vir God en sy koninkryk en God se seën sal jou verbaas. Daar is geen groter vreugde as om God sy doel te laat bereik nie.

Sing : Ps 128 : 1 Ds Attie Venter (Pretoria-Annlin)